BOEKRESENSIES

J.M. Cronjé, Aan God die dank, Deel 2, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria 1980, Prys R11,40.

"In die bediening is elke dag 'n hoogtepunt, maar wie elke aand 'n hoofstuk uit hierdie boek lees, eindig sy dag op 'n kruin". Dit was die geesdriftige woorde wat 'n seniorpredikant onlangs oor hierdie boek, wat die sendinggeskiedenis van die Ned. Geref. Kerk buite die Republiek van Suid-Afrika beskrywe, geuiter het. En inderdaad is dit so. Aan God die dank neem die leser op 'n hoogvlug van die genadehandelinge van God deur die Ned. Geref. Kerk. 'n Hoogvlug omdat dit 'n wye spektrum is wat in ruimte en in tyd gedek moet word.

Ruimtelik omspan dit 'n geweldige stuk van die kontinent van Afrika. Die kaart op die eerste bladsy gryp jou reeds aan wanneer dit jou oog lei van die Suidpunt van Afrika oor Transkei, Lesotho, Swaziland, Bophuthatswana, Botswana, SWA, Venda, Zimbabwe, Mosambiek, Zambië, Malawi, Kenia tot in Nigerië. Hoeveel trane en sweet, hoeveel voetspore en grafte, hoeveel vreugdes en teleurstellings van sendingwerkers en -werksters lê nie oor hierdie eindelose wydtes nie.

Drie hoofstukke neem ons selfs buite die kontinent na Ceylon (Sri Lanka), die Eilande langs die Ooskus en Japan. In Ceylon is dit Boerekrygsgevangenis van 1899-1902 wat "tot aandenking van ons verblyf te Ceylon een zendeling hier moeten onderhouden na ons terugkeer naar huis" (p. 277). Die Eilandesending ontstaan onder leiding en die geesdrif van di. Chris Fourie en Francois Botha (p. 351) en die werk in Japan word deur die Vrystaatse Sinode aanvaar as "'n goddelike imperatief - 'n moet." (p. 360).

Maar dis nie waar die hoofstroom vloei nie. Die oorblywende 9 hoofstukke neem ons na sewe state in Afrika, na die sending onder kommuniste en werp 'n toekomsblik oor die oorblywende sendingtaak. Die skrywer verklaar beskeielik dat dit geen "akademiese verhandeling" is nie (p. 3), maar die werksmetode, die deeglike dokumentasie en die feit dat elke hoofstuk aan bepaalde kenners van die betrokke veld vir keuring voorgelê is, waarborg die resultate van die navorsing. Vir die navorser is daar 'n ryke bron van literatuur vir verdere studie oor elke veld, terwyl 'n naam- en sakelys die boek afrond.

Die styl is maklik en vloeiend en ten spyte van baie name, datums en ander statistieke bly die werk enduit boeiend en lewendig. Dis nie net mense en

gebeurtenisse nie, dit is bekendes wat met jou praat en ervarings wat warme lewe vertolk.

Vir studente en jongmense sal dit opval hoe dikwels die Here sy kinders in hul jeug roep en hoeveel ons Sending ook van jong mense afhanklik was. Daar is egter ook die troos dat mense tot in hul gryse ouderdom in die sending vrugbaar bly.

Die boek dra die karakter van 'n tweede deel. Die eerste deel wat deur prof. D. Crafford geskryf word, word eers vroeg in 1982 verwag. Dit beteken dat daar sekere leemtes is soos meer besonderhede oor die Kerk wat vir so 'n sending-aksie verantwoordelik is. Daarvoor sal ons moet wag maar intussen is die lees van hierdie boek 'n verrykende ervaring.

Dis 'n publikasie van ISWEN en die skrywer is Dr J.M. Cronjé, die direkteur van die Instituut, 'n man wat self 'n leeftyd, o.a. 23 jaar in Zambië deurgebring het.

C.W.H.B.

---oOo---

A.S. van der Woude, Bijbels Handboek, Deel I, Kok, Kampen 1981, 628 pp. Prys R46,20.

Hierdie werk is nie die eerste op hierdie terrein nie. In 1928 het van Hervormde kant in Nederland die bekende Inleiding tot den Bijbel van Obbink en Brouwer verskyn. Dit is in 1935 gevolg deur die twee dele van Bijbelsch Handboek van Gereformeerde kant. Wat wel nuut is, is dat Hervormdes en Gereformeerdes nou saamwerk aan hierdie nuwe handboek. Ook op kerklike gebied het daar toenadering gekom, en teologies is hulle ook nie so ver van mekaar af nie. Dit stem tot dankbaarheid dat sulke samewerking moontlik is. Die skrywers behoort aan verskillende kerke en is ook nie almal net uit Nederland nie. Wyle prof. W.C. van Unnik sou die hoofredakteur wees. Na sy dood het dit op prof. A.S. van der Woude oorgegaan.

Die handboek sal in drie dele verskyn. Deel I handel oor die wêreld van die Bybel. In deel II sal die Ou Testament en die tyd tussen die Ou en die Nuwe Testament aan die orde kom. Deel III sal aan die Nuwe Testament bestee word. In hierdie eerste deel word aandag gegee aan die aardrykskunde en argeologie van Palestina

en ander sogenaamde Bybelse lande. Die tale van die Bybel (Hebreeus en Grieks) en aanverwante tale word bespreek. Van die teks en tekskritiek van die Ou en die Nuwe Testament word 'n uiteensetting gegee. Die geskiedenis van die ou nabye Ooste word beskrywe, en die Bybelse instellings (lewenswyse en feeste) word uiteengesit.

Die werk wil ons op hoogte bring met die huidige stand van die ondersoek van die Bybel. Die stuk oor die tekskritiek van die Nuwe Testament is in Augustus 1979 finaal afgesluit. Daarin word verwys na die ses en twintigste uitgawe van Nestle-Aland se teks wat sal verskyn. Die uitgawe self kon nie meer bespreek word nie. Ons kry die indruk dat die boek op datum is. Soms soek 'n mens na iets wat jy wens vollediger beskrywe moes word. Maar hou daarmee rekening dat die werk nie omvangryker kan word nie.

Die werk is pragtig op glanspapier gedruk en noukeurig en keurig uitgegee soos ons van die uitgewer gewoond is. Deel II kan teen die einde van die jaar verwag word en deel III in die middel van volgende jaar.

Die teologiese studente het dit seker al aangekoop en vir die dominees wil ons dit sterk aanbeveel. Ons het hier 'n kompendium van die Ou en die Nuwe-Testamentiese Wetenskap wat 'n mens maklik oriënteer. Deur dit deur te gaan, word baie ou feite weer na vore gebring en word ons op datum gebring met die nuwe ontwikkelings.

F.J.B.

---oOo---

W.J. van der Merwe, From Mission Field to autonomous church in Zimbabwe, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria 1981, 253 pp. Prys R9,00.

Hierdie boek deur die bekende emeritus-professor in Sendingwetenskap en Sendinggeskiedenis aan die Kweekskool op Stellenbosch, prof. W.J. van der Merwe, het in Junie 1981 verskyn. Die skrywer het in die beplanning en uitgee van die boek saam met die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing aan die Universiteit van Pretoria gewerk, sodat die boek ook 'n publikasie van hierdie Instituut is.

Prof. van der Merwe het reeds twee boeke oor die geskiedenis van die Sending van die Ned. Geref. Kerk in Zimbabwe (Masjonalandse Sending) geskryf, naamlik Sendinggenade in Mashonaland (1952) en The Day Star Arises in Mashonaland (1953). In hierdie jongste werk van hom bring hy die geskiedenis op datum. Hierdeur vervul hy in 'n groot behoefte. Sedert 1953 het baie dinge in die Masjonalandse Sending gebeur: die oorgawe van die beheer oor die Sendingwerk aan die African Reformed Church, wat uit die Sending gebore is, die ontwrigting van die werk en kerklike lewe deur 'n sewejarige bosoorlog en die onafhanklikwording van die Republiek van Zimbabwe. Vanuit die Jongkerk kom daar ook âl hoe meer belangstelling in die geskiedenis van hul kerk. Ds. D.P. Mandebvu, hoof van die Teologiese Skool op Morgenster, stel dit soos volg in 'n voorwoord van die boek: "The need for a Church history of the African Reformed Church in Zimbabwe has now been in my mind for some time ..... I trust that the Church History written by dr. W.J. van der Merwe will be very much appreciated by many".

Dit is 'n breed opgesette werk wat begin met die geskiedenis van die land nog voor die verskillende sendinge daarheen gekom het; die koms van die eerste sendinge; aanvang van sendingwerk deur die Ned. Geref. Kerk; die ontstaan en groei van 'n inheemse Kerk; oordrag van die werk aan hierdie Kerk (African Reformed Church); die Kerk en die regering en 'n laaste hoofstuk oor "Ecumenism and schism in D.R.C. circles in Zimbabwe".

Hierdie werk is dus 'n geskiedenis van beide die NG Sending en die Jongkerk in die buurstaat Zimbabwe. Geskrywe deur iemand met die nodige akademiese kwalifikasies, aangevul deur 24 jaar praktiese sendingwerk in Masjonaland, is dit 'n gesaghebbende werk. Dit het betrekking nie net op die Ned. Geref. Kerk en African Reformed Church nie, maar ook op alle ander kerke en sendinge wat in daardie land bedrywig is, want ook hulle word by implikasie in die geskiedenis betrek.

Die boek vervul in 'n groot behoefte en word van harte aanbeveel.

J.M.C.

---oOo---

P.A. Verhoef, Ou-Testamentiese Teologie in Perspektief (Stellenbosse Teologiese Studies nr. 6), N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad 1981, 45 pp. Prys R3,10.

Hierdie publikasie van die gewaardeerde emeritus-professor van die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Stellenbosch is kennelik die vrug van sy doseerarbeid. Die bedoeling van die kursus wat deur prof. Verhoef aangebied is en wat sy neerslag in hierdie publikasie vind, was om studente dieper in te lei in die kennis en problematiek van die teologie van die Ou Testament.

Daar word begin met 'n bespreking van G.F. Hasel se Old Testament Theology: Basic Issues in the Current Debate, 1975. Hierdie oriënterende boek van Hasel geld nou as riglyn vir die beoordeling van vier resente teologieë van die Ou Testament, naamlik: R.E. Clements, Old Testament Theology: A Fresh Approach, 1978; W. Zimmerli, Grundriss der Alttestamentlichen Theologie, 1975; C. Westermann, Theologie des Alten Testaments in Grundzügen, 1978; J.L. McKenzie, A Theology of the Old Testament, 1974.

Die metode wat gevolg is, is volgens die skrywer om (i) kennis te neem van die inhoud van hierdie boeke en (ii) om die standpunt van die skrywers krities te evalueer.

Wat die eerste aspek betref - om kennis te neem van die inhoud van die boeke - is die boek baie geslaagd. 'n Groot deel van die publikasie word afgestaan aan 'n indringende bespreking van die boek van Gerhard Hasel. Daarna kom die bogenoemde teologieë agtereenvolgens aan die orde. Prof. Verhoef slaag baie goed daarin om die inhoud van die boeke kortliks saam te vat. Hy lig ook die essensiële elemente van elke boek uit. Dit is ook baie handig dat die aandag op die reeds verskene resensies van hierdie teologieë gevestig word. Aan die hand van Hasel se boek word elke teologie dan beoordeel in terme van die "basic issues" van die teologie van die Ou Testament.

Hierdie publikasie sal tot groot nut vir sowel studente (voor en -nagraads) as predikante wees want dit dien as 'n handige invalspoort tot die inhoud van bogenoemde vier teologieë. Die student wat wil spesialiseer sal natuurlik die boeke sélf moet bestudeer.

Die outeur kon dalk van die tweede aspek - om die standpunte van die skrywers krities te evalueer- 'n bietjie meer gemaak het. Daar word veel meer ruimte afgestaan om die inhoud van die onderskeie boeke weer te gee, as om hulle krities te evalueer. 'n Mens sou verwag het dat die boek van Hasel ook krities bekyk moes word: Word daar byvoorbeeld volmondig met Hasel se "proposals" saamgestem? Het Hasel daarin geslaag om ál die "basic issues" van die teologie van die Ou Testament na vore te bring? Ook oor die ander boeke sou meer indringende kritiek die waarde van die publikasie verhoog het. Enkele voorbeelde: Die grootste leemte in Clements se boek, naamlik dat hy geen aandag aan die Wysheidsliteratuur gee nie, word byvoorbeeld nie aangetoon in hierdie boek van Verhoef nie. 'n Mens sou ook verwag het dat daar iets gesê moes word oor die feit dat beide Zimmerli en Westermann dieselfde volgorde, naamlik eers 'n "soteriologie" en dan eers 'n "skeppingsleer" het. Westermann ontken wel die moontlikheid van 'n "Mitte des Alten Testaments," maar het Westermann nie tog ook maar weer op die ou end in die slaggat van 'n teologiese sentrum vir die Ou Testament getrap nie? Dit sou ook goed gewees het om die konfessionele binding van J.L. McKenzie aan te toon, naamlik dat hy 'n Rooms-Katoliek is. Dan sou dit beter verstaan word waarom McKenzie sy uitgangspunt in die ervaring van Jahwe neem en waarom sy teologie met 'n bespreking van die kultus 'n aanvang neem.

Alhoewel die skrywer se eie opvatting oor die metodologie en die "basic issues" van die teologie van die Ou Testament plek-plek deurskemer, sou dit goed gewees het om aan die einde van die boek - veral om as riglyn vir die studente te dien - 'n duidelike uiteensetting van sy eie standpunt te gee.

Wanneer inaggeneem word dat hierdie publikasie die vrug van 'n kursus is wat aan derdejaar teologiestudente gegee is en dat dit alleen maar 'n perspektief oor die Ou-Testamentiese teologie wil wees, kan dit wees dat sommige van bogenoemde kritiek dalk 'n bietjie verwater.

Prof. Verhoef verdien ons almal se dank en gelukwensing met hierdie publikasie wat 'n groot leemte aanvul en wat 'n groot hulpmiddel by die lees van hierdie vier teologieë van die Ou Testament sal wees. Wie weet, dalk het prof. Verhoef nou die tyd om self sy hand aan 'n eie teologie van die Ou Testament te waag!

W.S.P.

---oOo---

T.F.J. Dreyer, Poimeniek: 'n Pastorale Oriëntasie, H.A.U.M., Pretoria/Kaapstad 1981, 135 pp. Prys R10,75.

Hierdie werkie oor die herderlike sorg neem sy plek in tussen verskillende ander wat gedurende die afgelope paar jaar verskyn het, bv. Herderkunde van J.J. de Klerk. Die onderskeidende daarvan is egter dat die skrywer die saak benader vanuit en teen die agtergrond van die kerklike praktyk in die Ned. Herv. Kerk van Afrika. Vir lesers uit 'n ander kerklike agtergrond is dit interessant om te verneem hoe sake daar gesien word.

Hoewel die teks van die boek slegs 126 bladsye beslaan, is dit ambisieus in opset. Die skrywer stel hom ten doel om min of meer die hele veld van die poimeniek te dek. In sy behandeling volg hy enersyds die tradisionele weg, deur sake soos die ensiklopediese posisie, die subjek en die objek van die pastoraat te behandel. Andersyds gee hy egter ook aandag aan aspekte wat in die meer kontemporêre denke oor die poimeniek in die middelpunt van die belangstelling staan, soos die pastorale gesprek en die verhouding van die poimeniek tot sy hulpwetenskappe. Hierdie meer algemene sake word in die eerste deel van die boek bespreek. Die tweede deel word aan die formele poimeniek gewy, waaronder die algemene pastoraat (d.w.s. die huisbesoek) en die besondere pastoraat (sake soos jeug-, huweliks- en siekepastoraat) aan die orde kom. Uit die aard van die saak kan so 'n wye terrein in die kort bestek waarin dit bespreek word, nie in diepte behandel word nie.

Dr. Dreyer neem as uitgangspunt die begrip "verkondiging" en benader die hele praktiese teologie vanuit hierdie gesigspunt. So sien hy die sending, evangelisasie, prediking, kategese en pastoraat as verskillende gestaltes van verkondiging, terwyl die erediens en diakonaat beskryf word as antwoorde van die gemeente op die verkondiging. Hierin kan die standpunt van die dialektiese teologie herken word. Die siening van die belangrikste praktiese teoloog van die dialektiese teologie, Eduard Thurneysen, wat gepraat het van die "breuk" in die pastorale gesprek, wanneer oorgegaan word van die alledaagse sake na die verkondiging van die Woord, is bekend. Iets daarvan vind ons ook hier terug. Die huisbesoekgesprek word bv. beskryf as 'n gespreksontmoeting wat in twee fases verloop: (1) 'n Inleidende gesprek, wat min of meer diagnosties van aard is. (2) Behandeling van 'n tema, waarby die pastor dan 'n deel uit die Bybel lees, dit verklaar en toepas op die lidmate. Die besondere pastoraat word volgens dieselfde skema benader: (1) Eers vind 'n inleidende gesprek plaas, waarin die pastor van allerlei gesprekstegnieke

vanuit die sielkunde kan gebruik maak. (2) Dit word opgevolg deur 'n direktiewe fase in die gesprek, waarin hy op grond van die probleem wat in die inleidende gesprek geïdentifiseer is, oorgaan tot verkondiging.

Hoewel die skrywer dit waarskynlik nie so bedoel nie, kan 'n benadering van hierdie aard baie maklik aanleiding gee tot die gedagte dat die sogenaamde "inleidende gesprek" 'n blote aanloop is, wat die eintlike pastoraat voorafgaan. Langs hierdie weg kom ons maklik weer tereg by die berugte "preek-in-sakformaat"-model van die pastorale sorg, waar die predikant nie net op Sondag in die erediens preek nie, maar by elke huis 'n kort prekie hou. In werklikheid is die pastoraat veel meer gekompliseerd. Die pastor moet duidelik besef dat hy van die eerste oomblik van ontmoeting en vanaf sy eerste woord pastoraal aanwesig en besig is.

Die boekie word ongelukkig ontsier deur 'n hele aantal onnoukeurighede en hinderlike spelfoute. By die deurblaai van die verwysings aan die einde, val die volgende bv. op: Thurnyssen (deurgaans so gespel, i.p.v. Thurneysen), Bolkenstein (i.p.v. Bolkestein), F. van der Schoot (i.p.v. E. van der Schoot), F. Firet (i.p.v. J. Firet), S.F. du Toit (i.p.v. S.I. du Toit), Hielima (i.p.v. Hielema), Bouwers (i.p.v. Bowers), Stöhlin (i.p.v. Stählin), M. van Aden (i.p.v. van Eeden). Verder word soms onnodiglik van sekondêre bronne gebruik gemaak, wat aanleiding gee tot hinderlike foute.

Ten spyte van kritiese opmerkings, word die publikasie van hierdie werk verwelkom. Vanuit verskillende kerklike praktyke sal die aksente altyd verskillend gelê word. Dit kan egter juis 'n verryking wees, want daardeur word die gedagte-wisseling gestimuleer. Op die terrein van die pastorale sorg, miskien selfs meer as op sommige ander terreine, staan die kerk in ons dag voor ontsaglike uitdaginge, maar moet ook kennis geneem word van boeiende nuwe ontwikkelinge. Voortgaande studie en voortgaande gesprek is dus noodsaaklik.

A.J.S.

---oOo---

P.J. Roscam Abbing, Predikantswerk in verband met communicatie- en leertheorie, Boekencentrum B.V., 's-Gravenhage 1980, 599 pp. Prys R33,39.

Prof. Roscam Abbing, wat in 1980 sy emeritaat aanvaar het as hoogleraar in die Bybelse teologie, praktiese teologie en Christelike etiek aan die Ryksuniversiteit

van Groningen, is iemand wat nie huiwer om dik boeke te skryf nie. Nie dat al sy boeke sulke lywige volumes is nie. In die reeks "Praktisch Theologische Handboekjes" het hy ses deeltjies geskryf van meer beskeie formaat. Sy proefskrif, met die titel "Diakonia" (1950), is egter 'n formidabele werk van nie minder nie as 609 bladsye - sonder een enkel voetnoot of literatuurverwysing - wat na dertig jaar nog betekenisvol is. Nou het hy sy akademiese loopbaan afgesluit met publikasie van nog twee stewige boeke. "Komen als geroepen" het as tema die roeping van die gemeente in die wêreld, terwyl "Predikantswerk" handel oor wat die titel sê.

Wat hierdie boek van Roscam Abbing van betekenis maak, is die wyse waarop hy van sekere hulpwetenskappe gebruik maak. Hy stel hom onomwonde ten doel om die resultate van die menswetenskappe in die praktiese teologie te integreer, terwyl laasgenoemde tog voluit teologies bly. Om dit te kan bereik, neem hy sy uitgangspunt in 'n duidelik-omskrewe Bybelse antropologie. Die praktiese teologie bestudeer volgens hom die werk van die kerk vanuit twee bronne. Die kwalitatief belangrikste bron is die teologie self, wat normatiewe antwoorde gee op die vrae wat aan die orde kom. Die kwantitatief belangrikste bron is die mens- en maatskappywetenskappe, wat beskrywend van aard is. In die ou teorie-praxis-problematiek wil hierdie werk dus 'n bydrae lewer, wat sowel aan die teologiese vrae, wat meer teoreties van aard is, as aan die praktyk van die bediening reg laat geskied.

'n Verdere interessantheid van die boek is die keuse van die menswetenskappe wat betrek word. In die verlede is dikwels gebruik gemaak van allerlei "hulpwetenskappe" by die beoefening van die verskillende teologiese dissiplines. Die praktiese teologie het veel gebruik gemaak van die sielkunde en die sosiologie. In hierdie boek word egter van twee ander wetenskappe gebruik gemaak, nl. die kommunikasiekunde en die opvoedkunde. Reeds Firet het in sy proefskrif (1968) ruim aandag aan die opvoedkunde gegee. Belangrike insigte vanuit hierdie twee wetenskappe word bruikbaar gemaak vir die werk van die predikant.

Belangrik en stewig soos dit mag wees, wens die leser soms dat die skrywer sy saak bondiger en helderder gestel het. 'n Kenmerk van Roscam Abbing se wyse van skryf, is dat hy elke onderwerp uitrafel in onderafdelings van onderafdelings, sodat die leser soms vind dat hy as gevolg van al die bome nie meer die bos mooi kan sien nie. Tog is dit 'n belangrike werk waarvan met vrug kennis geneem kan word by die bestudering van die ampsbediening van die predikant.

A.J.S.